## REEKS MATERIAALHANTERINGSIMPLEMENTE

| Model | Hys-vermoë (kg) | *Hys-hoogte (m) | Massa (kg) |
|---|---|---|---|
| **Baalhanteringstoerusting** | | | |
| Baalvurk | 750 | - | 48 |
| Baalvurklaaier met 2,7 m-hyshoogte | 500 | 2,7 | 144 |
| Langbalk-en-dramas-montering | 500 | 2,7 | 96 |
| **Uniloaders®** | | | |
| F750 Uniloader® met twee-pen-hegstuk | 750 | 3,4 | 323 |
| F750 Uniloader® met twee-pen-hegstuk en beheerklep | 750 | 3,4 | 325 |
| F1000 Uniloader® met twee-pen-hegstuk | 1000 | 4,5 | 566 |
| F1000 Uniloader® met twee-pen-hegstuk en beheerklep | 1000 | 4,5 | 578 |
| F1000 Uniloader® met swaaihaak en massasak-haak | 1000 | 4,5 | 555 |
| F1000 Uniloader® met twee-pen-hegstuk, swaaihaak en massasak-haak | 1000 | 4,5 | 666 |
| F1000 Uniloader® met twee-pen-hegstuk, swaaihaak, massasak-haak en beheerklep | 1000 | 4,5 | 678 |
| * Wissel na gelang van trekkergrootte | | | |

## MATERIAALHANTERING

Die Falcon-reeks implemente vir materiaalhantering kan verskeie materiale/items van tot 1 000 kg optel, vervoer, laai, aflaai en stapel en tot ’n hoogte van 4,5 m oplig, na gelang van die grootte van die trekker.

## BAALHANTERINGSTOERUSTING

**BEKOSTIGBARE OPTEL, LAAI EN VERVOER**



### DIE FALCON BAALVURK

▪ Laekoste-implement ▪ In die veld laai van hooibale ▪ Vervoer na baalstoorgebied ▪ Maksimum gewig: 750 kg

### DIE FALCON BAALVURKLAAIER

▪ Word gebruik om hooibale in stoorgebied te stapel ▪ Maksimum gewig: 500 kg ▪ Maksimum hyshoogte na die middel van die baal is 2,7 m en wissel na gelang van die trekker se grootte

**Belangrik:** Die baalvurklaaier moet nie as ’n vervoermiddel gebruik word nie, want dit kan die laaier beskadig en tot moontlike vroeë onklaarraking lei. Die baalvurk moet van die laaier geskei word wanneer dit gebruik word om bale mee te vervoer.

## BESKIKBAAR EN VEELSYDIG

Falcon se materiaalhanteringsimplemente bied ‘n wye verskeidendheid voordele wat hulle uiters veelsydig, nuttig en bekostigbaar maak op enige plaas. Hulle is gebaseer op die Falcon-beginsels van TAAI, BETROUBAAR en DUURSAAM, om te verseker dat u ‘n implement het wat GEBOU IS OM TE HOU.



## DIE FALCON UNILOADER®

**BETROUBARE, DOELTREFFENDE EN KOSTE-EFFEKTIEWE ALTERNATIEF VIR ’N LAAIGRAAF**



### DIE FALCON UNILOADER®

▪ Uiters veelsydige implement ▪ Laai en stapel ronde en vierkantige bale ▪ Algemene laai- en hyswerk op die plaas ▪ Unieke ontwerp maak dit moontlik vir die Uniloader® om bale en ander items op die plaas mee te vervoer. Die mas word eenvoudig laat sak om op die steunstukke te rus, en die trekkerkoppelings hys dan die Uniloader® sodat die item van die grond af gelig word ▪ Die standaard tweespoelklep waarmee die meeste moderne trekkers toegerus is, beheer die hys- en gelykstelsilinders (vir ouer trekkers kan die nodige kleppe verskaf word) ▪ Is met teleskopiese pote toegerus en kan vrystaande geparkeer word, gereed om maklik aan die trekker gehaak te word wanneer nodig

**Die Falcon F750 Uniloader®**

▪ Na gelang van watter trekker gebruik word, kan die F750 Uniloader® 750 kg tot ’n hoogte van 3,4 m hys ▪ Kan twee bale op mekaar op ’n sleepwa laai, of drie tot vyf op mekaar op die grond stapel, afhangend van hulle grootte ▪ Word gebruik vir algemene hyswerk en verskuiwing van items, byvoorbeeld om dromme op te lig en te verskuif, pype in slote te plaas en masjinerie te verskuif

**Die Falcon F1000 Uniloader®**

▪ Kan tot 1 000 kg tot ’n hoogte van 4,5 m oplig, afhangende van watter trekker gebruik word

Drie hegstukke vir verskillende toepassings:

1. die massasak-haak om byvoorbeeld kunsmissakke op te tel
2. die vurk vir hooibale
3. die swaaihaak vir algemene opligtake



F1000 Falcon-baalvurk



F750 Falcon-baalvurk



Falcon-swaaihaak